| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | BESIGHEIDSTUDIES |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 10 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek die volgende TWEE temas: **BESIGHEIDSOMGEWINGS** en **BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE.**

   **AFDELING A:** **AL** die vrae in hierdie afdeling is **VERPLIGTEND**.

   **AFDELING B:** Bestaan uit DRIE vrae. Een vraag per tema en 'n gekombineerde vraag wat albei onderwerpe saamvat.
   **Beantwoord enige TWEE vrae.**

   **AFDELING C:** Bestaan uit TWEE vrae, een oor elke tema.
   **Beantwoord slegs EEN vraag.**

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem kennis van die vereistes.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Antwoorde moet in volsinne wees, behalwe waar daar ander instruksies gegee word.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydstoekenning wanneer jy die vrae beantwoord.

| AFDELING | | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|---|
| A | Meervoudigekeuse, voltooi die stelling en pas items **VERPLIGTEND.** | 1 | 30 | 30 |
| B | Drie direkte/indirekte vrae **KEUSE:** Beantwoord enige **TWEE.** | 2 – 4 | 2 x 40 (80) | 2 x 30 (60) |
| C | Twee opsteltipe vrae **KEUSE:** Beantwoord enige **EEN.** | 5 – 6 | 40 | 30 |
| **TOTAAL** | | | **150** | **120** |

7. 'n Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

© SACAI KOPIEREG

# AFDELING A: (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Hierdie Wet bevorder die vestiging van werkplekforums om werknemers in besluitingneming te akkommodeer:

A Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997)

B Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)

C Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008)

D Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998)

1.1.2 Fundsa Verskaffers word in die … sektor bedryf omdat hulle in die aanbied van finansiële dienste spesialiseer.

A tersiêre

B ekonomiese

C primêre

D sekondêre

1.1.3 Die proses om onderhoude te voer om die mees geskikte kandidaat te identifiseer, staan bekend as …

A keuring.

B induksie.

C werwing.

D plasing.

1.1.4 Mokoena Vervaardigers hersien voortdurend hulle prosesse om die gehalte van hulle produkte te verbeter. Dit staan as die …-stap in die BDKH-model bekend.

A beplan

B doen

C kontroleer

D handel

1.1.5 Die …-funksie is verantwoordelik vir die verkryging van kapitaal vanaf die mees geskikte bronne.

A bemarkings

B algemene bestuurs

C finansiële

D produksie

(5x2) **(10)**

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| gehaltebeheer; keuring; ekonomiese; strategie-evaluering; internskappe; gehalteversekering; leerlingskappe; plasing; sosiale; strategiese bestuur |

1.2.1 Peter Loodgieters verskaf … aan werknemers deur praktiese opleidingsgeleenthede wat tot ’n erkende kwalifikasie lei.

1.2.2 ’n Uitdaging van die PESWO-analise wat besighede se winsgewendheid as gevolg van hoë rentekoerse beïnvloed, staan as die … faktor bekend.

1.2.3 Bubbles Skoonmakers het die proses van ... toegepas toe hulle omgewingskandering met behulp van ’n SWOT-analise uitgevoer het.

1.2.4 Die bepaling van die verhouding tussen die vereistes van die pos en die bevoegdhede van die nuut-aangestelde werknemer staan as … bekend.

1.2.5 Pride Vervaardigers het … gebruik wanneer hulle hul produkte tydens en na die produksieproses inspekteer.

(5x2) **(10)**

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Swart Ekonomiese Bemagtiging | A | Adverteer 'n vakature deur middel van 'n werwingsagentskap. |
| 1.3.2 | Voorwaartse vertikale integrasie | B | Daarop gemik om die behoeftes van verbruikers te bevredig deur die voortdurende verbetering van besigheidsprosesse. |
| 1.3.3 | Posspesifikasie | | |
| 1.3.4 | Interne werwing | C | Besigheid neem sy verskaffer oor. |
| 1.3.5 | Totale Gehaltebestuur | D | Beskryf die pligte en verantwoordelikhede van 'n spesifieke pos. |
| | | E | Daarop gemik om elke departement se prestasie teen gespesifiseerde kriteria te meet. |
| | | F | Het slegs 'n paar voorheen-benadeelde mense in die ekonomie bevoordeel. |
| | | G | Adverteer 'n vakature op die besigheid se kennisgewingbord. |
| | | H | Besigheid neem sy verspreider oor |
| | | I | Beskryf die minimum persoonlike eienskappe wat 'n pos benodig. |
| | | J | Het 'n wyer groep voorheen-benadeelde mense in die ekonomie bevoordeel. |

(5x2) **(10)**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B

Beantwoord **ENIGE TWEE** vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem DRIE tipes intensiewe strategieë. (3)

2.2 Omskryf die rol van Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede (SOOO's) in die ondersteuning van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998). (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoorde die vrae wat volg.

| **BRUMMER BOEKE (BB)** |
|---|
| Brummer Boeke ervaar 'n afname in verkope en het sommige van hul onproduktiewe bates verkoop om van hul skuld af te betaal. |

2.3.1 Identifiseer die tipe defensiewe strategie wat Brummer Boeke toegepas het in die scenario hierbo. (2)

2.3.2 Verduidelik EEN ander tipe defensiewe strategie wat deur Brummer Boeke gebruik kan word. (3)

2.4 Beskryf die stappe in strategie-evaluering. (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **DURAN DRONES (DD)** |
|---|
| Duran Drones spesialiseer in die vervaardiging van toesig hommeltuie en moedig hul werknemers aan om aan opleidingsprogramme deel te neem. DD voorsien 'n gesonde werksomgewing vir hul werknemers. Hulle verseker ook dat hul masjinerie in goeie werkende toestand is. |

2.5.1 Haal TWEE maniere uit die scenario hierbo aan waarop Duran Drones aan die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (WVBBS/COIDA), 1997 (Wet 61 van 1997) voldoen. (2)

2.5.2 Verduidelik die strafmaatreëls wat besighede in die gesig kan staar vir die nie-nakoming van die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (WVBBS/COIDA), 1997 (Wet 61 van 1997). (4)

2.6 Bespreek die impak van die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008) op besighede. (6)

2.7 Beveel maniere aan waarop besighede die uitdagings wat die volgende PESWO faktore inhou, kan hanteer:

2.7.1 Omgewing (4)

2.7.2 Polities (4)

**[40]**

**VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

3.1 Noem enige VIER aspekte wat by ’n indiensnemingskontrak ingesluit moet word. (4)

3.2 Omskryf die rol van die kandidaat/aansoeker tydens die onderhoud. (6)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **ZUKHANYE DEURE (ZD)** |
|---|
| Zukhanye Deure spesialiseer in die vervaardiging van soliede houtdeure. Michael, die verkoopsagent, word vergoed vir die hoeveelheid deure wat hy verkoop. Neha, die administratiewe klerk, word betaal vir die hoeveelheid ure wat sy werk. |

Identifiseer TWEE salarisbepalingsmetodes wat deur Zukhanye Deure gebruik word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as ’n RIGLYN om VRAAG 3.3. te beantwoord.

| SALARISBEPALINGSMETODES | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

3.4 Bespreek die implikasies van die Wet op Gelyke Indiensneming op die menslike-hulpbronfunksie. (4)

3.5 Omskryf die gehalteaanwysers van die aankoopfunksie. (4)

© SACAI KOPIEREG

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| LIGHTHOUSE VERVAARDIGERS (LV) |
|---|
| Lighthouse Vervaardigers verbeter deurlopen hul prosesse en stelsels. Die bestuur versoek altyd dat gehaltesirkels tot die verbetering en ontwikkeling van die besigheid bydra. Gehaltesirkels verseker ook dat daar geen duplisering van take in die werksplek is nie. |

3.6.1 Haal TWEE rolle van gehaltesirkels as deel van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels vanuit die scenario hierbo aan. (2)

3.6.2 Verduidelik ander rolle van gehaltesirkels as deel van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels. (4)

3.7 Bespreek maniere waarop totale gehaltebeheer (TGB) die koste van gehalte kan verminder. (6)

3.8 Adviseer besighede oor die voordele van ’n goeie gehaltebestuurstelsel. (4)

**[40]**

**VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**

**BESIGHEIDSOMGEWINGS**

4.1 Noem enige TWEE bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997). (2)

4.2 Identifiseer die mag van Porter se Vyf Kragte-model wat op Patricia Haarsalon van toepassing is in ELK van die volgende stellings hieronder:

4.2.1 Patricia het net ’n klein bedrag kapitaal nodig gehad om haar besigheid te begin. (2)

4.2.2 Patricia Haarsalon betaal hoë pryse vir voorraad, aangesien Salon Shampoo die enigste verskaffer van hoë kwaliteit haarprodukte is. (2)

4.3 Lys enige TWEE besigheidsomgewings en stel die mate van beheer wat besighede oor ELKE besigheidsomgewing het.

Gebruik die tabel hieronder as ’n RIGLYN om VRAAG 4.3. te beantwoord.

| BESIGHEIDSOMGEWINGS | MATE VAN BEHEER |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(4)

4.4 Bespreek enige TWEE tipes diversifikasiestrategieë. (6)

4.5 Stel maniere voor waarop besighede ondernemings- en verskaffersontwikkeling (OVO) as ’n pilaar van die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003) in die werkplek kan toepas. (4)

**BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

4.6 Noem enige VIER aspekte wat in ’n induksieprogram ingesluit moet word. (4)

4.7 Verduidelik die impak van eksterne werwing op besighede. (6)

4.8 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

| **AWE BURGERS (AB)** |
|---|
| Awe Burgers verkoop ’n wye verskeidenheid hamburgers op hul spyskaart. Hulle gebruik hul kombuismasjinerie en toerusting optimaal. AB verskaf gereelde persverklarings aan alle belanghebbendes. |

Identifiseer TWEE besigheidsfunksies wat tot die sukses van Awe Burgers bydra. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as ’n RIGLYN om VRAAG 4.8. te beantwoord.

| BESIGHEIDSFUNKSIES | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

4.9 Adviseer groot besighede oor die voordele van deurlopende vaardigheidsontwikkeling/onderwys en opleiding as ’n totale gehaltebeheer (TGB) element. (4)

**[40]**

## TOTAAL AFDELING B: [80]

## AFDELING C

Beantwoord slegs **EEN** vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

| |
|---|
| Die Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005) verskaf ’n raamwerk om die kredietmark te reguleer en maak voorsiening vir die regte van verbruikers in terme van hierdie Wet. Besighede word verplig om aan die Nasionale Kredietwet te voldoen om strafmaatreëls te vermy. |

Skryf ’n opstel oor die Nasionale Kredietwet waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Omskryf die doel van die Nasionale Kredietwet.
- Bespreek die regte van verbruikers in terme van die Nasionale Kredietwet.
- Verduidelik die impak van die Nasionale Kredietwet op besighede.
- Adviseer besighede oor maniere waarop hulle aan die NKW kan voldoen. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (MENSLIKE HULPBRONFUNKSIE)

| |
|---|
| Besighede moet die korrekte werwingsprosedure volg om geskikte kandidate te vind. Sommige besighede bied byvoordele aan hul werknemers en verseker dat nuwe werknemers behoorlike induksie ontvang. Dit is belangrik vir alle werknemers om die redes vir die beëindiging van hul indiensnemingskontrakte te verstaan. |

Skryf ’n opstel oor die menslikehulpbronfunksie waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Omskryf die werwingsprosedure as ’n menslikehulpbron-aktiwiteit.
- Verduidelik die impak van byvoordele op besighede.
- Bespreek die voordele van induksie vir besighede.
- Adviseer besighede oor die redes vir die beëindiging van ’n indiensnemingskontrak. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL: [150]**

© SACAI KOPIEREG